# Sterftedekking vir lede sonder ’n eggenoot en kinders

Alle permanente lede van die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (die Fonds) het toegang tot ’n eggenoot- en kinderpensioen, wat betaalbaar is indien die lid te sterwe sou kom. Die voordeel bied die kwalifiserende eggenoot* ’n lewenslange pensioen van 35% van die lid se pensioengewende vergoeding, terwyl (tot en met drie) kwalifiserende kinders** elk ’n pensioen van 10% van die lid se pensioengewende vergoeding ontvang. Ongeag die omstandighede, sal die voordeel nooit minder as twee keer die werknemer se pensioengewende vergoeding wees nie.

Die Fonds bied lede sedert Januarie 2018 die opsie om nié hierdie versekerde sterftevoordeel te ontvang nie. Lede wat hierdie opsie wil uitoefen, **moet die verklaring op die volgende blad voltooi** om te bevestig dat hulle nie getroud is of enige kwalifiserende kinders het nie.

Lede wat die voordeel nou van die hand wys en dan in ’n later stadium trou en/of kinders kry, sal na die versekerde sterftevoordeel in die Fonds moet terugkeer om by afsterwe ’n pensioen vir die eggenoot en/of kinders te verseker. Indien jou status verander en/of jy verdere inligting nodig het, kontak gerus Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum by 021 808 2753 of sun-e-hr@sun.ac.za.

Hierdie dokument dien as ’n amptelike instruksie aan die Fonds oor jou keuse om hierdie versekerde sterftevoordeel te kanselleer.

| **Lid se persoonlike besonderhede** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Volle naam en van | | | | |
| Personeelnommer | | | | |
| Kontaknommer | Kantoor | | Sel | |
| E-posadres | | | | |

*Eggenoot – Getroud ingevolge die Huwelikswet, die Wet op Erkenning van Gewoontehuwelike of die Wet op Burgerlike Verbintenisse, of ’n lewensmaat met wie die lid al reeds ses maande saamwoon.
**Kwalifiserende kinders – Afhanklike kinders jonger as 18, of 24 in geval van voltydse studente, wat aangenome kinders insluit.

| **Hiermee verklaar ek soos volg:** | |
|---|---|
| ✓ | Ek het nie 'n eggenoot en kwalifiserende kinders nie. |
| ✓ | Die inligting wat ek in hierdie dokument verstrek het, is waar en korrek. |
| ✓ | Ek vrywaar die Universiteit Stellenbosch, sy werknemers, sy verteenwoordigers, die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (die Fonds) en die trustees van die Fonds ten volle van enige eis of aanspreeklikheid wat ek, my boedel, erfgename of enige derde party kan opdoen as gevolg van my keuse van sterftedekking, ongeag of sodanige eis(e) ontstaan deur die nalatigheid van enige persoon of enige ander oorsaak. Sodanige gevrywaarde eise of aanspreeklikheid sluit onder meer in skade as gevolg van inkomsteverlies, winsverlies, verlies van verwagte spaargeld of enige bykomstige of voortvloeiende skade, waarvoor ek volle aanspreeklikheid/verantwoordelikheid aanvaar. |
| ✓ | Ek verstaan dat dit my verantwoordelikheid is om die Fonds in kennis te stel sodra my status verander (d.w.s. indien ek later trou en/of kinders kry) sodat ek na die versekerde sterftevoordeel in die Fonds kan terugkeer. |

**LID SE HANDTEKENING** **DATUM**